## OPLEIDING VAN MUNISIPALE BEHEERBEAMPTES

J.D. LOUW

Bestuurder: Werke-Dienste, S A S O L

Inleiding gelewer by eendaagse simposium oor die onderwerp: „Lugbesoedeling in 1972 - rook, die burger en beheer", deur NAVOL gehou op 6 Oktober 1972

Meneer die Voorsitter, dames en here, as ek kyk na die deurlugtige lys van sprekers wat u vanmiddag hier het, dan is dit vir my nie duidelik waarom u vir my gevra het om ook 'n bydrae te lewer nie. As ek bowendien dan daaraan dink dat u my gevra het om spesifiek te praat oor die opleidingsbehoeftes ten opsigte van persone wat plaaslike owerhede kan help met die implementering van maatreëls ter bestryding van lugbesoedeling, dan is dit ook werklik 'n onderwerp waaroor ek nie kan praat met eerstehandse kennis nie. As ek dus vanmiddag iets hier sê waarmee u nie saamstem nie, dan sal ek dit baie hartlik waardeer as u so sal sê sodat ons nie enigiets in 'n skewe lig sal stel sonder om dit weer reg te stel nie. Daar mag voordele daarin wees om 'n man wat nog nie in so'n aksie gemoeid was nie te vra om sy gedagtes daaroor te gee en dit is ook die enigste rede waarom ek uiteindelik ingewillig het om hierdie bespreking in te lei.

Voordat ons ook nou kan inklim en kan begin praat oor watter vereistes ons sal stel ten opsigte van die opleiding van sulke mense, is dit sekerlik reg dat ons eers vir onsself 'n opname maak van wat die behoeftes is, nie net in terme van kennis en ervaring en kundigheid aan die kant van die persoon waaroor ons gesels nie, maar ook is dit noodsaaklik om te kyk na wat die moontlike behoeftes van die land in hierdie verband is. Volgens die gegewens van die Nywerheid-Ontwikkelingskorporasie is daar tans in Suid-Afrika meer as vyftig stedelike gebiede met 'n inwonertal van meer as vyf-en-twintig duisend (dit is volgens die 1970 statistiek). Uit hierdie vyftig stedelike gebiede is daar negentien met 'n bevolkingstal van meer as 'n honderd duisend. Met die groeiende industrialisasie van die land behoort ons intussen 'n arbeidsveld te sien vir 'n groeiende aantal vakkundiges om met omgewingsbeheer doenig te wees, want ek dink 'n mens kan stellig sê dat as jy te doen het met 'n dorpsgebied, of met 'n



stedelike kompleks, waarin daar meer as vyf-en-twintig duisend inwoners is, dat daar behoefte sal bestaan aan die dienste van 'n omgewingsbeheerbeampte. Ek dink ons moet dus sê ons praat van 'n taakmag wat vir die huidige in die omgewing van vyftig te staan sal kom, met potensiaal van groei vir die toekoms. Dit is dan sekerlik ook so dat elkeen van hierdie munisipaliteite waarvan ons nou praat, reeds beskik oor die dienste van gesondheidsinspekteurs en in baie gevalle selfs die dienste van ten volle gekwalifiseerde medici. In sommige van ons groter stede is die Gesondheidsdepartement dikwels heeltemal 'n groot departement met 'n wye verskeidenheid van take. As gevolg van die onmiddellike nood wat gevolg het na die inwerkingtreding van die Wet op die Voorkoming van Lugbesoedeling Nr 45 van 1965, is daar lofwaardige pogings aangewend om mense wat reeds oor sekere basiese kwalifikasies beskik, te help om hulle toe te rus om die deel van die wetstoepassing te kan behartig wat aan plaaslike owerhede opgedra is. So is daar dan by 'n paar geleentheide reeds 'n blits-stapelkursus ingestel by die Witwatersrandse Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderrig, waarby bekende persone soos Mnre. Tucker, Potgieter en Anderson betrokke was. Sonder om hierdie kollegas enigsins te na te kom, dink ek tog ons moet erken dat hierdie aksie alleenlik maar 'n noodhulpaksie was en dat daar 'n behoefte daaraan bestaan om rustig 'n opleidingsasksie vir die persone te beplan waarvan ons seker sal wees dat dit aan al die verwagtinge sal voldoen en wat, meer nog, ook in staat sou wees om 'n opgeleide persoon te lewer by wie die kennis in verband met lugbesoedelingsbestryding nie alleen maar 'n aangeplakte deel van sy bestaande kennis is nie, maar wat werklik 'n basiese kursus deurloop het wat hom vir hierdie soort van aktiwiteit geskik maak. Ek weet nie hoe betroubaar my gegewens is nie, maar ek verstaan dat daar in die twee groepe wat reeds deur hierdie kursus gegaan het sowat 'n veertigtal persone is. Nou is dit so dat wanneer enige plaaslike owerheid dit oorweeg om rookbeheermaatreëls in te stel volgens die Wet, hulle die ondersteuning daarvoor moet verkry van die Nasionale Advieskomitee op Lugbesoedeling omdat hierdie komitee die Minister moet adviseer oor die gewensdheid al dan nie daarvan om daardie bepaalde plaaslike owerheid toe te laat om lugbesoedelingbeheermaatreëls uit te vaardig en in stand te hou. Terwyl die deel van die Wet wat die verantwoordelikheid is van plaaslike owerhede eintlik hoofsaaklik vir die doel van ons bespreking te doen het met die bekamping van swart rook,dit wil sê rook wat volg op die onvoldoende of oneffektiewe verbranding van steenkool en ander brandstowwe, was dit dus

nodig, en 'n minimum vereiste, dat 'n plaaslike owerheid moes kon aandui dat hulle beskik oor die dienste van 'n persoon wat met bevoegdheid kan oordeel oor die aanwending van toerusting waarin verbranding plaasvind. Die kursus wat dan ook by die Witwatersrandse Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderrig aangebied is, was hoofsaaklik daarop toegespits om die deelnemers op hoogte te bring van die beginsels van die verbrandingstegniek. Ek het weliswaar nie 'n meningsopname oor 'n groot aantal van hierdie deelnemers gedoen nie, maar dit is wel deur sommige van hulle gesê dat die kursus soos dit nou aangebied was, soms te gevorderd was, en in sommige opsigte weer te elementêr. Die gevolg is dat die man wat daardie kursus loop, wel seker sy man sal kan staan in 'n plattelandse gebied of in die gebied van 'n kleiner plaaslike owerheid, maar dat so'n man sekerlik sy druiwe sou teëkom as hy in 'n gebied, waar daar groot industrieë is, sou probeer om sy kennis toe te pas. Daarvoor is beslis blykbaar groter diepte in die opleiding nodig. As 'n mens dan ook kyk na die kwalifikasies wat aangebied word deur persone wat vir 'n groot aantal munisipaliteite sou kon optree as rookbeheerbeamptes, dan vind 'n mens dat jy feitlik deurgaans te doen het met die persoon wat reeds die gesondheidsinspekteurdiploma het, somtyds daarby 'n diploma as vleisinspekteur, tropiese higiëne-beginsels en selfs 'n mediese tegnoloogdiploma. Dit is die mense wat in die jongste tyd ook bowendien gekwalifiseer het deur die blitskursus in verbrandingsbeginsels by te woon. So eenvoudig is dit egter nie, want sommige van die munisipaliteite doen aansoek om rookbeheermaatreëls te kan instel op grond van die feit dat hulle mense het wat beskik oor allerhande snaakse ander kwalifikasies, byvoorbeeld van kollegas waarvan ons nie vantevore gehoor het nie en kursusse waarvan ons die inhoud nie ken nie. Ek dink een van die interessantste aansoeke waarvan ek weet wat gedoen is deur 'n groot munisipaliteit, is om rookbeheermaatreëls te mag instel op grond van die feit dat hulle beskik oor die dienste van 'n man wat al 41 jaar lank ondervinding het op die gebied van ketelkonstruksie en 'n deskundige is op die bedryf van ketels en wat selfs in sy tyd 'n toepassingsingenieur was, wat raadgewend opgetree het ten opsigte van die installering van 'n verskeidenheid van soorte stoomketels.

Dames en here, ek dink dat ons ernstig daaroor moet besin, of liewer dat die owerhede wat hiermee gemoeid is, ernstig daaroor moet besin of die tyd nie aangebreek het dat ons 'n kursus moet laat instel by 'n universiteit, waar 'n graad behaal kan word wat 'n mens Baccalaureus in die Higiëne of iets van die aard moet noem, nie. Met inagneming van die reeds genoemde



groot aantal munisipaliteite in die land wat heelwaarskynlik een of ander tyd die dienste van so'n beheerbeampte nodig gaan hê, en met inagneming van die kompleksiteit van die situasie waarmee hierdie persone in sommige gevalle te doen gaan kry, dink ek nie is dit teveel gevra vir die toekoms nie. Vir die hede is ons waarskynlik goed genoeg geholpe, maar ek wonder of ons nie vir die toekoms voorsiening moet maak daarvoor nie dat daar opleiding sal wees wat werklik sal voldoen aan die vereistes van die pos waarin hierdie mense sal staan. Dit is duidelik dat dit 'n geval is van 'n bietjie kennis is 'n gevaarlike ding, veral wanneer so'n munisipale amptenaar te doen kry met ervare nyweraars. Hierdeur wil ek nie te kenne gee dat die nyweraars dan die persone is wat altyd sal probeer om die Wet te ontduik nie, hoegenaamd nie. Ek wil juis eerder te kenne gee dat 'n man met voldoende kennis in munisipale diens beter in staat sal wees om die oorwegings wat geld rondom die baie algemeen bekende en aarvaarde frase: "best practicable means" te kan evalueer en daarvolgens te kan optree. Hierdie amptenare moet bekwaam wees, moet diplomaties kan optree en moet goed opgelei wees.

In plaas daarvan dat ek nou meer tyd in beslag neem met praat, wonder ek of u nie liefs dié paar woorde sal beskou as 'n inleiding tot 'n bespreking nie en dat u nou hieroor ook u menings sal uitspreek.